

# Kyk wat kan jy alles met vadoeke doen!

*Maak 'n kasvol nuwe kombuislinne van verbeeldinglose vadoeke wat in jou linnekas lê en wag om gebruik te word. Hier gee ons 'n paar moontlikhede – 'n voorskoot, vatlappies, 'n oondhandskoen, teedoeke of droogvadoeke, of selfs 'n loper vir jou kombuistafel, 'n broodlappie en seriette.*

Gebruik vadoeke en lapreste om dié prentjiemooi bontgoed te maak. Boonop is dit spotgoedkoop

deur ANET SCHOEMAN  
foto's MARIAM GILLAN  
stilering ANNINE VAN REENEN





duim uit geblomde kleedstof. Stik duime aan bodeel. Knip 'n strokie, 12 x 5 cm, uit geblomde kleedstof vir lussie.

Vou oorlangs soos skuinsband, dan in helfte. Stik toe. Plaas voltooide pante van bodeel met regte kante teen mekaar. Speld lussie in posisie teen regte kant aan sykant van handskoën. Stik rondom. Keer om.

Plaas geel geruite pante met regte kante teen mekaar. Stik rondom. Doen dieselfde met watteersel, maar keer laasgenoemde uit. Skuif geel geruite deel binne-in watteerselhandskoën. Plaas albei binne blou geruite gedeelte. Vou geel geruite gedeelte na buite sodat watteersel bedek word. Vou 5 mm-soompie en stik op blou geruite stof vas.

## VOORSKOOT

### Jy benodig

Wit kleedstof vir voorskoot, 1 x 1 m; 2 stroke geblomde kleedstof, 6 x 26 cm; 1 strook geruite kleedstof, 6 x 26 cm, vir omboorsel; gestreepte kleedstof, 21 x 26 cm, vir sak; bypassende masjiengare.

### Maak só

Vergroot patroondele volgens diagram. Knip 1 pant uit wit kleedstof. Naat- en soomtoelating van 1,5 cm moet bygereken word. Werk synate en soom af. Pars 1 cm-voutjies na binne aan weerskante van onderskeie stroke. Gebruik stroke soos skuinsband.

Heg eers geruite strook bo vas, dan geblomde stroke deur van onder na bo te werk. Gee strook 'n voutjie by onderarmhoek. Neem bande oorkruis oor rug en heg eindpunte by teenorgestelde beginpunte vas.

Vou 1 cm-soom reg rondom sakdeel. Pars. Plaas in posisie op voorskoot. Stik vas aan onder- en sykante met dubbele stiklyn.

## OONDHANDSKOEN


### Jy benodig

2 groot geruite vadoeke, 1 geel en 1 blou; 'n stukkie geblomde kleedstof vir duim en lussie; medium dik watteersel; bypassende masjiengare.

### Maak só

Vergroot patroon volgens diagram. Knip 2 pante vir palm- en vingergeedeelte – bodeel – uit geel geruite vadoek. Knip patroon op stippellyn na. Knip dan 2 pante watteersel sonder ekstra naattoelating aan onderkant. Knip bodeel by dubbelyn af. Knip duim los van bodeel. Herstel naattoelating waar duim afgeknip is.

Knip 2 pante van bodeel uit blou geruite vadoek. Knip 2 pante van



## VATLAPPE

### Jy benodig

2 groot geruite vadoeke, 1 turkoois en 1 geel; medium dik watteersel; reslappies vir appliek; dubbelkleef-Vilene; 4 stroke groen geruite kleedstof, 3 stroke 26 x 6 cm en 1 strook 30 x 6 cm; dieselfde stroke uit geel gestreepte kleedstof; helderkeurig masjiengare vir appliekwerk; bypassende masjiengare.

### Maak só

Knip 2 vierkante, 24 x 24 cm, uit albei vadoeke. Doen dieselfde met watteersel. Plaas 1 laag watteersel tussen 2 lae geel vadoek en stik sigsgasteek rondom. Doen dieselfde met ander vatlap.

Knip 8 blokkies, 3 x 3 cm, uit reslappies vir appliek. Knip ooreenstemmende blokkies uit Vilene. Plaas 4 Vilene-blokkies in posisie op geel vat-

lap, met geruite appliekblokkies bo-op. Stryk vas. Applikeer. Herhaal met blou vadoek.

Vou 1 cm aan weerskante van stroke om en pars. Gebruik soos skuinsband. Begin met kort stroke en werk eers 2 teenorgestelde kante af.

Werk dan ander 2 kante af. Begin en eindig 1 met soompie. Werk laaste kant af deur met soompie te begin.

Stik stukkie wat te lank is op mekaar vas. Vou dubbel en heg vas by hoek vir lussie.



## VADOEKE MET APPLIEKWERK

### Jy benodig

2 groot geel en turkoois vadoeke; reslappies; dubbelkleef-Vilene; 2 stroke geblomde kleedstof vir lussies, 12 x 5 cm; bypassende masjiengare, ook vir appliekwerk.

### Maak só

Knip 24 blokkies, 6 x 6 cm, uit reslappies sowel as Vilene. Knip ook 'n paar kleiner blokkies, 3 x 3 cm, uit kleedstof en Vilene om binne groot blokkies te sit. Rangskik op vadoeke. Stryk vas. Applikeer.

Vou 1 cm-voutjies aan weerskante van geblomde stroke. Vou dubbel. Stik toe. Stik langs synaat vas vir lussie.

## SERVETTE

### Jy benodig

Klein opwasvadoekies, grof geweef sodat dit maklik kan rafel; stroke ge-ruite en geblomde kleedstof vir afwerking; bypassende masjiengare.

### Maak só

Servet met geblomde rand: knip 'n strook geblomde kleedstof, 10 cm breed en 15 cm langer as vadoek se omtrek. Knip rande af sodat hoeke skerp is. Plaas strook se regte kant teen vadoek se verkeerde kant, rafelrande op mekaar. Stik teenoorgestelde kante met 1 cm naattoelating. Vou om na regte kant van vadoek. Vou 1 cm-soom in. Stik op voorkant vas. Stik oorblywende sye, maar vou 1 cm-soompie by begin en einde van stroke vir afwerking.

Blou servet met rafelrand: knip afgewerkte rand van vadoek af. Stik satynsteek in vierkant, 3,5 cm van buiterand af. Knip strook, 6 cm breed, uit geblomde kleedstof – 15 cm langer as omtrek van kleiner vierkant in middel. Maak 1 cm-voutjies aan sy-kante. Pars. Plaas langs satynstiksel. Stik vas. Maak 'n vou van 45 grade by hoeke. Rafel buiterand uit tot by satynstiksel.



DIAGRAM: VOORSKOOT

1 blokkie = 4 cm

## GEEL BROODDOEKIE MET RAFELRAND

### Jy benodig

1 grof geweefde vadoek; stroke geblomde kleedstof, 6 cm breed en net so lank as lang sye van vadoek; bypassende masjiengare.

### Maak só

Knip 2 lang stroke geblomde kleedstof. Maak 1 cm-voutjies aan weerskante van stroke. Pars. Gebruik soos skuinsband en werk synate daarmee af. Stik satynsteek 3 cm van rande van kort sye. Rafel uit tot by satynstiksel.

DIAGRAM: OONDHANDSKOEN 1 blokkie = 4 cm

